KONINKRYKSTYD

In dié kerkjaarseisoen gesels ons oor dissipelskap en groei.

Laai die DinkJeug Families app af. Luister, lees, gesels en bid saam.



HUISGELOOF

JESUS DIE KONING
TEKS: ESEG 34

OMGEE
As jy die woord “koning” hoor, aan wie/wat dink jy? Dalk ‘n fliek, rekenaarspeletjie, ‘n spesifieke land se regeerder, of iets anders? Vertel vir mekaar.

GESELS
Die laaste Sondag van Koninkrykstyd word genoem “Christus die Koning Sondag” en ons vier Jesus se heerskappy oor Sy Koninkryk. Hoe verskil Jesus se koningskap van die koning waaraan jy gedink het?

Lees Esegiël 34:11-15

- Jesus se koningskap word vergelyk met die van ‘n herder of skaapwagter. Wat doen hierdie Herder?
- Wat maak Hom anders as gewone herders?
- Vertel van ‘n keer toe Jesus vir jou gesorg het.
- Vertel van ‘n keer toe Jesus jou gebruik het om vir ’n ander persoon te sorg.

DOEN
Maak ‘n kroon waarop julle skryf “Goeie Herder”. Dit herinner julle daaraan dat Jesus ‘n omgee-koning is.
Soek nou m.b.v. die internet ‘n aanbiddingslied oor Jesus, ons Koning, en luister dit saam.

BID
Here, dankie dat U ons Koning is wat regeer oor ons lewens en die hele aarde. Dankie dat U omgee en vir ons sorg. Help ons om ook vir ander mense te sorg ...

DINK JEUG Families

Laai die DinkJeug Families app gratis af:

Google Play:

Apple iStore: